

KONINKRYK. SUPPLEMENT 11

[DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE HAND AAN DIE PLOEG SLAAN

“Die gelykenis van die hand aan die ploeg slaan” in Lukas 9:61-62
is ’n gelykenis oor

DISSIPELSKAP IN DIE KONINKRYK VAN GOD.

Lees Lukas 9:51-62.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge. ’n Ploeg in die tyd van Jesus het uit ’n sterk hout stok bestaan wat skuins aan ’n boom bevestig is wat deur ’n os getrek is. Die onderkant van die stok was skerp punt wat as ’n ploeg gedien het om die grond te skeur. Die bokant van die stok het as handvat gedien om die ploeg in ’n regte lyn te stuur. Maar as ’n man wat ploeg omgekyk het, word sy arms ongelyk in lengte en begin die ploeg dadelik skeep te draai. Niemand kan dus ’n reguit ploegvoor ploeg deur om te kyk nie.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* waaronder die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

(1) **Die aanleiding van die gelykenis staan in Lukas 9:51-61.**

In vers 51 het Jesus sy gesig na Jerusalem gerig om daarheen te reis. Hy was vasberade om sy lewe vir sy skape af te lê. Sy vasberadenheid het in skrilte kontras gestaan met die gebrek aan vasberadenheid van die mense wat gedink het om dissipels van Hom te word.

Dit herinner aan die verband tussen Lukas 9:22 en Lukas 9:23-24. In die eerste gedeelte sê Jesus: “Die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word.” En in die tweede gedeelte sê Hy tot hulle: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis dra en My volg, want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit behou”. Dit is asof Jesus sê dat sy vasberadenheid om sy taak te volbring die voorbeeld moet wees vir die vasberadenheid van sy dissipels.

Die onderrig van Jesus m.b.t. dissipelskap is die volgende:

Die eerste vier kenmerke van dissipelskap word in Lukas 14:26,27,33,34-35 gevind ’n Ware dissipel gee die hoogste voorkeur aan Jesus Christus bo alle ander verhoudings; is bereid om saam met Jesus Christus te ly; verkies Jesus Christus bo materiële besittings en is soos sout wat smaak gee en bederf keer.

Die vyfde kenmerk van ’n dissipel is dat hy nooit omkyk (terugkyk) nie. Hy is vasberade om sy Godgegewe taak te vervul en om Jesus Christus tot die einde toe getrou te volg. Hierdie kenmerk word benadruk deur die gebrek aan vasberadenheid by die volgende drie aspirant dissipels.

Die eerste aspirant dissipel was te gretig om Jesus te volg. Hy het nagelaat om die koste van dissipelskap te bereken. Hy het die skare mense gesien wat Jesus Christus gevolg het, die wondertekens wat Jesus gedoen het en die entoesiasme van die mense en daarom wou hy so naby moontlik aan Jesus bly en heeltemal in die middel van alle gebeurtenisse wees. Maar na gelang die evangelie verhaal hom ontvou, het Judea Hom verwerp (Johannes 5:18), het die provinsie van Galilea hulle van Hom afgesluit (Johannes 6:66), het die land van die Gadareners Hom gesmeek om hul gebied te verlaat (Matteüs 8:34), het ’n dorp van die Samaritane Hom nie ontvang nie (Lukas 9:52-53), wou die mense op die aarde Hom nie meer hê nie (Matteüs 27:23) en uiteindelik het ook die hemel Hom verlaat (Matteüs 27:46)! Die koste vir volhardende dissipelskap agter Jesus Christus aan impliseer stryd, verwerping en lyding!

Die tweede aspirant dissipel was nie gereed om Jesus te volg nie. Enersyds wou hy ook ’n volgeling van Jesus word net soos die apostels. Andersyds stel hy sy eie voorwaardes vir die navolging van Jesus Christus. Hy wou eers sy gestorwe vader begrawe. Jesus wou dit baie duidelik maak dat Hy, Jesus Christus, die soewereine Heer is en absoluut sonder enige voorwaarde of aarseling gehoorsaam behoort te word. Hy wou dat hierdie man verstaan dat in God se koninkryk die geestelike familie van God baie belangriker is as die aardse familiebande. Jesus het dit teen ’n spesifieke

aspirant dissipel gesê en nie teen almal wat dit toegehoor het nie. Jesus sê nie dat Christene nie vir hul ouers moet sorg of hul begraving moet versorg nie. Maar Jesus Christus sê wel dat 'n Christen Jesus Christus meer as sy ouers moet liefhê. 'n Dissipel moet Jesus Christus onvoorwaardelik gehoorsaam.

Die derde aspirant dissipel was onkundig. Hy het homself en sy familie nie goed genoeg geken nie. Jesus was in staat om in die denke en hart van hierdie man te kyk (Johannes 2:25). Jesus het sy bewuste gedagtes en onbewuste motiewe geken. Hy het ook geweet dat wanneer hierdie aspirant dissipel tuis kom, hy baie maklik ten prooi van die vurige en emosionele pleidooie van sy familie sou val en tuis sou bly sonder om hom by Jesus Christus aan te sluit.

Op hierdie punt vertel Jesus Christus die gelykenis van die hand aan die ploeg.

(2) Die verhaal van die gelykenis staan in Lukas 9:62 in die vorm van 'n spreuk.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in die spreuk.

Dit is 'n stilswyende vermaning, "As jy eenmaal jou hand aan die ploeg slaan, moet jy nooit meer omkyk na wat agter jou lê nie! Anders is jy nie geskik vir die koninkryk van God nie!"

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge. Jesus gee geen van die details enige besondere betekenis nie. Daarom moet die betekenis van die details uit die verhaal of die verband afgelei word. Die details moet in verband met die konteks bly staan.

De man wat sy hand aan die ploeg slaan. Hy verteenwoordig natuurlik die aspirant dissipel, die man wat 'n dissipel van Jesus Christus wil word. "Jou hand aan die ploeg slaan" beteken dat jy 'n besluit en toewyding gemaak het om 'n dissipel van Jesus Christus te word.

Kyk na wat agter jou lê. Dit is die sentrale gedagte, hooftema of belangrike boodskap van die gelykenis. Dit is wat elkeen van hierdie drie aspirant dissipels van Jesus Christus op sy eie manier doen. Die eerste aspirant dissipel het 'n besluit gemaak om 'n dissipel van Jesus Christus te word sonder om die koste van dissipelskap te bereken. Hy sou later tog kyk na wat agter hom lê en die koste van dissipelskap bereken.

Die tweede aspirant dissipel wou Jesus Christus onder bepaalde voorwaardes volg. Hy het na die familie verantwoordelikhede wat agter hom gelê het, gekyk.

Die derde aspirant dissipel wou ook Jesus Christus volg sonder om te besef hoe negatief sy familie daarop sou reageer. Jesus het geweet dat hy ook na wat agter hom lê sou kyk en die oorwegings van sy familie belangriker sou vind as om Jesus Christus te volg.

Nie geskik vir die koninkryk van God nie. Dit is die uitleg en toepassing wat Jesus self aan hierdie spreuk gee. Mense wat nie volledig vasberade en toegewy is om Jesus Christus as dissipel te volg nie, kwalifiseer nie om in God se Koninkryk te dien nie.

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uittê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uittê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

"Die gelykenis oor die hand aan die ploeg slaan" gaan oor "dissipelskap in die koninkryk van God".

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: "Elke mens is verantwoordelik om vasberade en toegewyd aan sy oortuigings en besluite te bly. Hy moet hom van harte toewy om Jesus Christus tot die einde toe as dissipel te volg."

Toewyding, veral toewyding aan dissipelskap, is een van die grondliggende kenmerke van God se koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk is volkome toegewy aan Jesus Christus. Die hart van die man in die gelykenis was verdeeld. Enersyds wou hy Jesus Christus graag volg. Andersyds wou hy sy familie gelukkig hou! Maar Jesus Christus eis onverdeelde toewyding aan dissipelskap! 'n Aspirant dissipel moet die koste van die navolging van Jesus Christus as dissipel ten volle bereken. Hy moet vasberade 'n besluit neem om hom aan Jesus Christus te onderwerp en hom van harte daaraan toe te wy om Jesus Christus te bly volg. Elke dag weier hy om te kyk na wat agter hom lê (i.e. wat dit

hom gekos het). Hy bly kyk na wat voor hom lê. Jesus Christus eis volledige toewyding van iemand wat Hom as 'n dissipel wil volg.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

Josua 24:15. Die volk van Israel was 'n volk wat die HERE geroep het om Hom te volg en te dien, maar baie mense word versoek om die "god" van die land waar hulle woon te dien. Hulle staan voortdurend onder druk om hulle aan te pas aan die godsdien van hul land. Maar die staatsman Josua het gesê, "Of, as julle dit nie goedvind om die HERE (die God van die Bybel) te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat (Josua 24:15), of die gode van die Amoriete (Genesis 15:16; Levitikus 18:28), in wie se land julle woon. Wat my en my familie betref, ons sal die HERE dien!" Hy het die volk van Israel uitgedaag om hulle aan die HERE (die God wat Hom in die Bybel geopenbaar het) te wy en om nie die gode van die ander godsdienste rondom hulle te dien nie. Neutraliteit teenoor die God van die Bybel is onmoontlik!

1 Konings 18:16-40. Die volk van Israel is geroep om alleen die HERE te dien, maar hulle wou liever die afgode dien, veral Baäl (die belangrikste god van die Kanaäniete in die Midde Ooste in daardie tyd). Hul hart was verdeeld tussen die HERE en Baäl. Die profeet Elia het gesê, "Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die HERE GOD is, volg Hom, maar as dit Baäl is, volg hom! (1 Konings 18:21). Hy het die volk van Israel uitgedaag om 'n keuse te maak tussen die God van die Bybel en die god van die godsdienste rondom hulle. Neutraliteit teenoor die God van die Bybel is onmoontlik!

Filippense 3:12-14. Die apostel Paulus het 'n toewyding vir heel sy lewe op die aarde gemaak! Hy het vir *één ding* besluit: naamlik, om hom los te maak van wat agter hom lê en hom uit te strek na wat voor hom lê. Hy het hom bly rig op die doel van sy lewe! Hierdie een doel voor oë vind ons ook in Psalm 27:4; Markus 10:21, Lukas 10:42 en Johannes 9:25.
